BEELD, Plus
10 Dec 2008
Page : 4 #

Vanjaar het weer vir opwindende nuwe blink speelgoed gesorg. Hierdie is van my gunsteling-keuses vir die Kerskous.

Speelgoed vir die Kerskous

SHOX MINI-LUIDSPREKER

As jy nou regtig daarvan hou om iets raak te loop wat jou mond sal laat water en boonop bekostigbaar is, kyk na die monstertjie. Bietjie groter as 'n gholfbal (52 mm wyd en 64,5 mm hoog op sy grootste) voel hy sommer lekker in jou hand. Prop hom met sy verlengbare kabeltjie by jou mp3-foon, iPod, sakrekenaar of skootrekenaar in. Tieners gaan mal wees hieroor. 'n Pasprop vir jou foonmodel (R39,95) is ook beskikbaar. R199,95 vir 'n R1 000 se pret.

9/10 Omtrent R150 by Game.

PARROT DIGITALE FOTORAAM – DF7220

Aantreklik, aanpasbaar en intuïtief, staan hierdie digitale fotoraam ewe maklik in protret- of landskapsoriëntering. Hang jy hom teen die muur, voel hy intelligent in watter oriëntering hy hom ookal bevind. Laai kiekies deur Bluetooth vanaf jou foon of rekenaar, jou SD-Kaart of USB. Berg tot 300 foto's.

8/10 Omtrent R1 499 www.parrot.co.za.

NETSTAR GUARDIAN

Bekommer jou nie langer oor waar jou kind in die wêreld is nie. Die GPS-sendertjie dui die ligging van die draer binne drie meter aan. Verder is jou roete op die internet volgbaar. Werk ook as selfoon.

8/10 Omtrent R1 000 en R139 per maand vir 24- maande-kontrak. Minder as jy reeds 'n Netstar-kliënt is.

PHILIPS MCD 289-MIKROTEATER

'n Netjiese oplossing vir jou huisteater dié, en relatief bekostigbaar ook. Jy kan dit óf met luidsprekers soomloos teen die muur monteer óf met staanders iewers naby op die tafel laat staan. 'n Draadlose subwoofer staan elders in die kamer. Die hoogtepunt is natuurlik die klank. Voorverstellings en Dynamic Bass Boost is werklik effektief en die klank is heeltemal buite verhouding groot vir die klein, plat luidsprekertjies.

7.5/10 R2 200. Beskikbaar by Makro, Hi Fi Corp, Game.

TOMTOM GO 720



Met vele moontlikhede om dit pasklaar vir jou behoeftes te maak, wyer skerm en vyf uur se batterylewe – om nie eers te praat van die hoë-sentitiwiteit GPS-ontvanger nie – stel die TomTom Go 720 die norm vir ander soortgelyke toestelle. Die "Help My"-funksie is uiters behulpsame om jou in staat stel om onmiddellik toegang tot nooddienste te kry. Dit verskaf posisie en telefoonnommers en laat jou toe om die nooddienste joú posisie op 'n kaart te gee sodat hulle jou nie hoef te soek nie. Gebruik jou GPS ook as handvry-selfoon.

9/10 en kos R3 999.00. Kyk op www.tomtom.co.za waar jy een kan koop.

AXIS 207W-NETWERKKAMERA

Hierdie netjiese speelding het 'n ernstige funksie: dit stel jou in staat om jou huis of klein besigheid óf via die Lokale Netwerk (LAN) óf Internet te monitor.

Nie net kan jy sien wat aangaan nie, maar die ingeboude mikrofoon stel jou in staat om dit ook te hoor.

Kry hulp om dit te installeer.

8/10 Beskikbaar by ☎ 011 548 6780 teen R2 850.

NINTENDO WIIFIT

Steeds een van die oulikste speletjies van die jaar!

Dit bied joga, spier-, aerobiese- en balansoefeninge en die WiiFit is 'n oulike en maklike manier om jou fiksheidsvlak te verbeter. As jy gereeld oefen, word jy beloon vir jou moeite deur addisionele speletjies wat ontsluit word. Daar is meer as 40. Ná elke speletjie word jy (met soms nie te vleiende byvoeglike naamwoorde nie) op 'n skaal van vier sterretjies gemeet. Die visuele terugvoer help jou om so terloops hard te werk: die basis van goeie oefening – beheer van die spiere om die bekken – word goed benut.

9/10 Jy moet reeds die Wii-konsole hê of aankoop saam met die WiiFit. R1 000 - R1 400.